Die Menlobond is 'n geïntegreerde entiteit wat daarna streef om deur middel van doelgerigte kommunikasie en deelname, die alumni en vriende van Die Hoërskool Menlopark met die skool te verbind, sodat ons die verlede **BEWAAR**, die hede **KOESTER** en die toekoms **VERSEKER**.

## AANLYN DATABASIS

Bestuur die aanlyn databasis en alle sake van die Menlo-alumni en Vriende van Menlo

## KOMMUNIKASIE

Behartig kommunikasie tussen die skool, Menlo-alumni en die Vriende van Menlo om sosiale- en netwerkinteraksie te te bevorder




## GEMEENSKAP

Fasiliteer die *Menlo Foundation* wat die befondsing van leerders met uitdagende omstandighede hanteer

## SKOOL

Fasiliteer donasies wat vir die skool se kapitaalprojekte aangewend word

Lidmaatskap tot die Menlobond bied aan alle Menlo alumni en vriende van Menlo die geleenteid om in kontak te bly met die hartklop van die skool en sodoende te help om die Menlo-manier vir generasies te bewaar.

## AANLYN DATABASIS

**Die een-stop-oplossing vir alle Menlobond-aangeleenthede!**

'n Volledige en opgedateerde databasis is vir enige organisasie 'n noodsaaklike instrument vir suksesvolle en effektiewe kommunikasie. Vir die heel eerste keer in Menlo se geskiedenis, bestaan daar nou 'n elektroniese aanlyn databasis wat saamgestel en uitgebrei is uit vorige jare se inligting. Hierdie interaktiewe databasis vorm die kern wat die Menlobond in staat stel om doeltreffend met al ons alumni en lede te kommunikeer. Dit is belangrik dat hierdie databasis opgedateer bly en ons moedig alle oud-Parkies en vriende van Menlo om asseblief by die Menlobond aan te sluit, op die databasis te registreer en u persoonlike besonderhede na te gaan en op te dateer. Volg gerus die skakel en word deel van Menlo se geskiedenis en voortbestaan by **www.menlobond.co.za.**

## KOMMUNIKASIE

Binne hierdie nuwe databasisstelsel kan u aandui watter kommunikasie u graag van die Menlobond rakende die skool en alumni-sake wil ontvang. Indien u by die Menlobond aangesluit het, verkry u toegang tot verskeie ander interaktiewe funksies binne die stelsel, onder andere kommunikasie binne die stelsel met klasmaats van u jaar, Menlobond- en skoolnuusbriewe, 'n aanlyn winkel waar u Menlobond Alumni klerasie kan aankoop, 'n platform vir deelname aan fondsinsamelings vir die skool, asook sosiale kontak met oud-Parkies. Verder is daar 'n besigheidsnetwerk op die stelsel waar u kan aandui in watter bedryf u tans werksaam is en sodoende ondersteun ons oud-Parkies se ondernemings. Op die sosialemediafront, Facebook en Instagram, poog die Menlobond om meer sosiale nuus te deel wat spesifiek betrekking het op die Menlo-alumni en vriende van Menlo.

## SKOOL

Met ons wêreldklasfasiliteite, het die Menlo-kampus nog altyd 'n gevoel van trots by Menloparkers gewek. Met 'n beperkte begroting word die fasiliteite uitstekend onderhou en spog die skool met infrastruktuur en tegnologie van hoogstaande gehalte. Die huidige finansiële situasie plaas die begroting vir instandhouding en infrastruktuur onder verdere druk; daarom publiseer die Menlobond gereeld die skool se kapitaalprojekbehoeftes op ons webwerf en alumnetstelsel om vrywillige donasies tot hierdie projekte te fasiliteer. Besoek gerus die aanlyn stelsel om u van die skool se behoeftes te vergewis. Donasies kan gemaklik deur die aanlyn winkel plaasvind. Die Menlobond reik 'n 18A-belastingsertifikaat vir donasies uit sou u of u besigheid een benodig.

## GEMEENSKAP

Dit is vir baie kinders 'n droom om 'n Parkie wees. Ongelukkig bly dit vir heelwat van hulle, veral dié met uitdagende omstandighede, 'n onbereikbare ideaal. Die Menlobond poog om, waar moontlik, hierdie droom vir talentvolle en verdienstelike leerders te bewaarheid. Ons poog om vir alle leerders, van alle sfere van ons reënboognasie, die geleentheid te bied om 'n toekoms vir hulleself en die land te verseker en om te help bou aan 'n suksesvolle beroep. Die Menlobond fasiliteer donasies wat aangewend word vir die onderrig van leerders van alle rasse. Die *Menlo Foundation* word deur die Menlobond gefasiliteer en ondersteun spesifiek leerders van kleur en die Menlobond reik 'n spesikiefe 18A-sertifikaat vir BEE-donasies uit wat kan bydra tot gemeenskapsontwikkeling.

EXCELSA PETAMUS

**MENLOBOND**

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO









*Menlo vir altyd!*

Lidmaatskap tot die Menlobond is nie outomaties nie en heeltemaal vrywillig. Sluit aan en bly deel van Menlo by **www.menlobond.co.za** of op besoek die Menlobond op die skool se webwerf www.menlopark.co.za.

Vir enige verdere navrae kontak gerus vir Gisela Rolfes by Die Hoërskool Menlopark op 012 361 3369, 074 787 4647 of e-pos menlobond@menlopark.co.za.